

Doen dit net

Markus 14:1-9

Inleiding

- Nike het die slagspreuk: Just do it!
 - Hulle bedoel om te oefen en gesond te lewe en sport te doen gaan nie vanself gebeur nie.
 - Dit help ook nie net jy dink jouself in as 'n gesonde aktiewe mense nie.
 - Êrens moet jy eenvoudig net opstaan en begin doen wat jy moet!
 - Amper roekeloos.
- As gestuurde dissipels van Jesus in Vanderbijl help dit ook nie net
 - om alewig te praat en te dink of selfs te besluit nie.
 - Êrens moet jy eenvoudig opstaan en doen wat jy moet
 - Ook amper roekeloos.
- Met roekeloos bedoel ek nie hals oor kop sonder om te dink dom goeters soos Mister Bean nie.
 - Ek bedoel eerder, met 'n duidelik motivering en doel,...
 - eerder soos James Bond.
- Maar, hoe kom 'n gewone mens by die punt om jou vrese te los en eenvoudig te doen wat nodig is?
 - Kom ons kyk...

[Lees teks: Mark 14:1-9]

- Oor 2 dae sou hulle Jesus doodmaak – dit was amper die einde
 - Teen daardie tyd het Jesus al vir 3 jaar gepreek oor sy werk,
 - Party van sy volgelinge het dit beter verstaan as ander.
 - Een so persoon was hierdie Maria van Betanië.
- Dit lyk of sy drie keer kontak met Jesus gehad het voor sy dood.
 - Eers sit sy by Jesus se voete en luister belangstellend na as wat Hy oor praat terwyl haar sussie Marta die kos klaarmaak,
 - dan sien sy die wonderwerk toe Jesus haar broer Lasarus uit die dood laat opstaan het.
- En nou sien ons haar hier die derde keer
 - Waar sy net eenvoudig doen wat sy moet
 - uit die bloute kom sy die vertrek binne en gooi peper duur parfuum op Jesus se kop.
- Wat hierdie optrede so 'roekeloos' maak,
 - en hoekom die mense so te kere gegaan het daarvoor,
 - is omdat daardie +- 500 ml nardus olie
 - 'n parfuum was wat gemaak is van 'n plant wat net in die Himalaja berge gegroei het.
 - Die parfuum is in Indië gemaak en met kamele deur die woestyn ingevoer van Indië af na Jerusalem.
- Hulle sê dit was meer as 300 silwer muntstukke werd

- In vandag se terme het Maria so 'n goeie R25 000 tot R30 000 op Jesus uitgegooi!
- Mens wil amper saamstem:
 - Bietjie oordrewe.
 - Roekeloos
 - Impulsief
- Dit kon inderdaad eerder verkoop word en vir die armes gegee word!

- Maar wat het Maria wat so baie van ons nie het nie?
 - Om net eenvoudig amper roekeloos te doen
 - en meer nog... hoekom het Jesus gesê sy doen reg?!

- Ons sien Maria se karakter groei en ontwikkel –
 - hoe sy eers werklik aandagtig na Jesus luister,
 - hoe sy kragtige werk van Hom raaksien in haar lewe
 - en uiteindelik tot by hierdie radikale punt kom
 - daar is maar een iemand en sy saak wat die moeite werd is om haarself en haar kosbare skatte op te spandeer: Jesus.
 - Sy gaan nie meer dink en wonder nie... sy gaan doen.

- Ek wonder of ons besef dat jy ook na hierdie punt behoort te groei?
 - Regtig aandag luister
 - Toelaat dat God se werk in jou lewe werklik met jou praat
 - En dan gefokus opstaan en reageer

- Nou, ons leer nog meer van wat in Maria aangegaan het
 - as ons kyk na Jesus se kommentaar op wat gebeur het.

Vers 6 – ‘Sy het 'n mooi/regte/kosbare/goeie ding gedoen’

- Jesus se eerste reaksie kry ons in vers 6. ‘Los haar!’
 - Sy het 'n goeie ding aan my gedoen!
- Hierdie ‘roekelose’ optrede in mense se oë
 - was vir Jesus goed
 - Sy wou eenvoudig laat uitkom wat mettertyd vuurwarm in haar hart begin broei het
 - – liefde en verwondering vir Jesus,
 - Die Here sien haar hart raak.
 - Haar motief en rede was reg.
- Die tweede rede waarom Hy haar optrede ‘mooi’ noem is
 - Êrens moes die plan by haar opkom.
 - Het die Heilige Gees dit in haar hart gelê
 - Êrens moes sy dit bedink.
 - En het sy besluit om gehoorsaam te wees.
- Al sou dit vir ander mense na ‘n dom plan lyk
- Al sou dit dalk nie finansieel sin maak nie
- Al sou hulle kommentaar hê – wat hulle gehad het!
 - Was sy nie gepla oor wie daarvan gaan hou en wie nie daarvan gaan hou nie.
 - Dit was iets tussen haar en haar Here en Meester.

WAG

- Dink net wat sou kan gebeur
 - as jy self werklik so op Jesus en sy koninkryk gefokus was

- dat sy liefde jou dryf om besluite te neem en nie jou vrese nie.
- want dit is ongelukkig meestal dat mense se vrese vir hulle besluit hoe hulle optree.
 - Vrese oor wat mense gaan dink
 - OF hulle van jou gaan hou
 - OF jy kritiek gaan kry
 - Om 'n oproep te maak na iemand
 - Om by 'n diensgroep in die gemeente betrokke te raak
- Ons sit en dink en vrees ons lewens om
 - ...en so spoel die tyd en die lewe en die geleenthede by ons verby
 - Baie om nooit weer verby te kom nie
- Maar Maria se fokus was op Jesus
 - En sy het die oomblik aangegryp en iets gedoen
 - iets wat vir Hom mooi was
- Nou kan jy vra:
 - Maar wat moet ek doen?
 - Maar dit gaan nie oor 'n nuwe 'moet' nie...
 - die vraag is wat kan jy doen?

Vers 8 – 'Wat sy kon het sy gedoen.'

- Jesus maak 'n tweede opmerking oor haar optrede in vers 8: "Wat sy kon, het sy gedoen."
- Kom ons gaan terug na die beskrywing van wat presies gebeur het.

- Vers 3 sê sy het die flessie oopgebreek en die parfuum uitgegooi.
 - Sy het die flessie gebreek want sy het geweet sy gaan als uitgooi
 - Sy die hele 500 ml daarvan op Jesus se kop en voete uitgegooi (Joh 12).
 - Johannes sê die hele vertrek was vol van die reuk
 - Wat sy kon, het sy gedoen.
- Sy het parfuum gehad.
 - Waar of hoe sy dit gekry het weet ons nie
 - Maar sy het 'n kosbare item gehad
 - Dit waarskynlik gebêre vir daardie 'eendag'
 - Maar die beste eendag waaraan sy kon dink het gekom
 - om haar skat in God se diens te gebruik
 - En sy het dit gebruik.
 - 100% gebruik.
- Die Here vra nie vir jou noodwendig R30 000 se parfuum nie.
 - Ook nie R30 000 nie.
 - Hy vra eintlik niks nie.
 - Hy het als reeds gegee aan die kruis
 - Elkeen het iets anders
 - Dalk is dit net tyd
 - Die vraag is oor wat jy as gestuurde dissipel het
 - om uit liefde en bewondering
 - vir Jesus en sy saak te doen of te gee.

Vers 9 – Haar storie sal vertel word

- Uiteindelik sê Jesus in vers 9: *“Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar.”*
- Dat ek nou van haar vertel is 'n vervulling van Jesus se woorde.
 - Hierdie verhaal word vertel
 - En Jesus herinner ons hierdeur aan daardie punt en plek in jou lewe
 - waar jy eenvoudig as sy gestuurde net moet opstaan en doen
 - Ten spyte van hoe dit opgeneem kan word deur ander.
 - Of hoe ekonomies wys dit is.
- En dit word natuurlik vertel omdat dit deel is van waaroor die Bybel en die evangelie gaan.
 - 'n onbelangrike vrou
 - wat deur Jesus se genade woorde en dade raakgesien het...
 - sy is niks
 - en Hy is alles
 - en Hy is lief vir 'n niks soos sy.
- dis die evangelie wat enige iemand se lewe kan verander:
 - jy is die niks wat jy diep in jouself weet jy is,
 - Hy is alles wat ooit nodig kan wees,

- en Hy is lief vir 'n niks soos jy met sy alles.

- Hierdie insig

- Behoort ons te help tot by die punt
- Om eenvoudig op te staan en te doen – dit wat jy kan.
- Om deur sy liefde tot aksie te kom
- Eerder as om vanweë jou vrese te bly sit.

- Dit gee moed om die Heilige Gees se leiding te volg,

- al bewes jou broek dalk.
- Om gefokus te wees omdat jy al hoe meer besef
 - wie Jesus werklik is
 - en wat Hy regtig vir jou gedoen het.

- By implikasie het die mense wat gekla het nie gedink Jesus is dit werd nie

- Maria se offer het hulle twee-keer laat dink

- En mag ons ander mense ook twee-keer laat dink oor

- die waarde en die prag van Jesus ons Verslosser.
- Waar en soos ons doen wat ons kan.

Slot

- Om soos Maria al hoe meer te verstaan wie Jesus is en wat Hy gedoen het maak dissipels van Jesus soms 'roekeloos'

- nie Mr. Bean roekeloos nie
- James Bond roekeloos

- Dat jy in 'n plek of situasie kan instap en doen en gee wat almal anders te bang is om te doen of te gee.

- Omdat jy sien en weet wie Jesus is vir iemand soos jy.

- Mag ons elkeen nader aan hierdie punt groei
- Mag ons besef daar is 'n punt om op te hou dink en wonder en praat
- Mag die wat daar is, eenvoudig doen wat hulle kan soos die Heilige Gees hulle op die gedagte bring.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
13 November 2016